

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark – Trinitas
2020-01-19

Ek glo – God het alles geskep en onderhou my daaglik

Inleiding

- Elke week in die erediens bely ons saam ons geloof.
 - Ons gee dan 'n kort opsomming van die kern van die geloof wat ons bely.
 - Ons bely wie God, wat Hy doen en ook die implikasies vir my as gelowige.
 - Soos met enigiets anders, is iets geneig om sy trefkrag te verloor as ons dit oor en oor hoor.
 - Dit beteken nie dat ons gaan ophou om ons geloof te bely nie.
 - As die trefkrag verlore gaan, beteken dit dat ek en jy nie meer werklik besef wat ons sê nie.
 - Die gevolg is dat my belydenis – die kern van dit wat ek glo – verlore gaan.
 - Daarom gaan ons in die volgende paar weke die 12 artikels, of Apostoliese geloofsbelydenis, opdeel en by elkeen van die gedagtes stilstaan.
 - So is die doel dat ons weer herinner word, en opnuut weer sal besef wie God is.
 - Deur die krag van die Gees, is dit dan nie net woorde wat ek bely nie, maar werklik wat weer vir ons nuwe perspektief gee oor wie God is.
 - Johannes Calvyn het gesê – Om God te ken, is om jouself te ken en ook andersom.
 - Daarom gaan ons werklik saam die pad stap om God weer opnuut te leer ken sodat ons daarin ook onself opnuut kan ken.
 - Ons belydenis begin met – Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde.
 - En vanoggend word ons vanuit Jesaja 40 weer gewys wie God is en waarom ons werklik God die Vader kan bely.
 - God is die almagtige Skepper van alle dinge
 - God die Vader sorg vir al my fisiese behoeftes
 - God die Vader sorg vir my geestelike nood in sy Seun

God is die almagtige Skepper van alle dinge

- Jesaja is een van die bekende groot profete.
 - In die eerste 39 hoofstukke van die boek word die volk gewaarsku dat as hulle nie bekeer nie, as hulle nie God sien en aanbid vir wie Hy is nie, sal God 'n vyand stuur en die volk wegvoer in ballingskap.
 - En vanuit die geskiedenis weet ons die volk het nie geluister nie.
 - Hulle het nie bekeer nie.
 - Hulle het volhard in hulle sonde.
 - God het die vyand gestuur.
 - En die volk word weggevoer na Babel toe in ballingskap.
 - Hulle is vreemdelinge in 'n vreemde land, omring deur vreemde mense wat vreemde gode dien.
 - En in hoofstuk 40 sien ons die ommekeer.
 - Die ou vertaling begin die hoofstuk met die bekende woorde – Troos, troos my volk.
 - Die '83 vertaling gee die uitroep – Die uitkoms is hier!
 - In die vreemde land kom die bekende boodskap van God deur sy profet na die volk toe.
 - En dan van vers 12 af sien ons hoe God Homself weer bekend maak aan sy kinders.
 - En waar begin Hy?
 - By die skepping.
 - Die Een wat jou gemaak het, is aan die woord.
 - Dit is die Een wat jou gemaak het wat vir jou uitkoms gaan gee.
 - Dit is Hy wat vir jou troos gee.
 - God se almag word bekend gemaak wanneer daar beskryf word op watter wonderlike wyse God geskep het.
 - Hy het gepraat en alles het tot stand gekom.
 - As ons praat van God as skepper beteken dit Hy het gegeneer.
 - Hy het nie geproduseer nie.
 - Produseer beteken om al die bestandele te vat, dit word saamgevoeg en deur een of ander proses word iets daarvan gemaak.

- Soos wat jy eiers, meel en botter en suiker vat, kan jy 'n koek bak of produseer.
 - As ons sê dat God gegeneer het, beteken dit dat God uit niks uit, alles gemaak het.
 - Daar was nie bestandele en rou produkte en gereedskap nie.
 - God het gepraat en alles het gebeur.
 - Dit verklaar dan vir ons die beelde wat gebruik word in vers 12 – God het die waters in sy hand afgemeteet.
 - Hy het die breedte van die hemel met sy handpalm afgemeteet.
 - Hy het met 'n maatemmer die grond van die aarde afgemeteet.
 - Hy het die berge en die heuwels met 'n skaal gemaat.
 - Hierdie is nie die fisiese manier waarop God geskep het nie, maar dit bevestig net weer die grootheid van God deur 'n beeld te gebruik wat inpas by die mens se beperkte begrip van God se grootheid.
- In Genesis 1 en 2 lees ons op die magtige manier wat God geskep tot in die fynste detail.
 - In vers 13 en 14 van Jesaja 40 word die vraag gevra of die mens enigsins vir God kan verstaan.
 - Die mens kon nie raad gee of insette lewer met die skepping nie, want God is almagtig.
 - Hy weet wat Hy doen.
 - Dit bevestig net vir ons dat God so ver bo die menslike verstand is.
 - Ons kan dit nie begryp hoe groot God is nie.
- God is groot.
 - God is groter as wat ons ooit kan indink.
 - Dink aan die grootste getal waaraan jy moontlik kan dink.
 - Maal nou daardie getal met homself.
 - Doen dit weer... en weer... en weer...
 - En so kan jy aangaan en jy gaan nie die grootheid en almag van God kan begryp nie.
- Jy kan nie God met enigiets of enigiemand vergelyk nie.

- God is onvergelykbaar groot.
- In vers 23 word die hemel as 'n tentdoek beskryf.
 - Dis soos om 'n tafeldoek oop te gooi.
 - Dit is die beeld wat gebruik word vir die skepping van die hemelruim.
 - Ps. 19:2 sê: *Die hemel getuig van die mag van God, die uitpansel maak die werk van sy hande bekend.*
 - 1 Kor. 8:6 sê: *daar is net een Vader, uit wie alles is*
- Om God te ken as die Skepper van hemel en aarde, is 'n werk van geloof.
 - Daar is geen boek of artikel of foto of bewysstuk wat God as die Skepper verklaar nie.
 - Maar net sy geopenbaarde Woord.
 - Deur God te erken as die Skepper moet jy dan ook die woord glo van hierdie Skepper.
 - Die hele Skrif maak vir ons die skepping duidelik.
 - Die skepping word genoem in die skeppingsverhaal, in die psalms, in die profete in die briewe.
 - Oral word die skepping saam met die hele openbaring van God beskryf.
 - God se skepping is 'n doelbewuste en geestelike optrede van God.
 - Deur die Skepping openbaar God sy heerlijkheid in sy werke.
 - Daarom ken ons God ook deur sy skepping te ken.
- Wanneer jy God ken as die almagtige Skepper van hemel en aarde maak dit jou nederig.
 - God is groot en ek is klein.
 - God is almagtig, en ek is 'n nietige mens wat in 'n oogwink van hierdie aarde afgevee kan word.
 - Maar dit gee my ook vertroue as ek God ken.
 - Ek kan ten spyte van die feit dat ek klein en verganklik is, kan ek by God veilig wees in sy sorg.
 - En dit lei my tot gehoorsaamheid.
- God skep deur die drie-eenheid.
 - Die Vader, die Seun en die Gees kan nie een van die skepping losgemaak word nie.

- Die hele skepping dra die beeld van die drie-eenheid.
 - Dit weet ons omdat God deur Sy woord geskep het.
 - Die Woord wat vlees geword het soos wat ons lees deur Johannes hoofstuk 1.
 - Wanneer ek dan bely dat God die almagtige die Skepper van hemel en aarde is, dan bely ek dat ek afhanklik is van God.
 - My hele bestaan is te danke aan God.
 - Daarom bely ek ook dat God die Vader vir my voorsien in al my fisiese behoeftes.

God die Vader sorg vir al my fisiese behoeftes

- God is almagtig.
 - Daarom is Hy ook alwetend.
 - Die gevolg hiervan?
 - God weet wat jy nodig het.
 - God ken al jou nood.
 - As die Skepper, skep God alles wat jy nodig het.
- Ons sien God se voorsienigheid ook in die wyse wat Hy skep.
 - Hy skep alles in die hemel en op aarde – en na dit alles skep Hy die mens.
 - So weet ons dat daar geen oomblik in die skepping is waar alles nie reeds bestaan wat die mens nodig het nie.
- In Jesaja 40:27 sien ons dat ondanks die feit dat God so duidelik voorsien, dat daar nogsteeds twyfel is by die mens.
 - Dit word ook vir ons duidelik in Matt. 7:11 waar Jesus self sê: *As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan die wat dit van Hom vra?*
 - In Matt 7:30-32 word ons twyfel ook aangespreek wanneer Jesus die skare aanspreek as “kleingelowiges”.
- God se voorsienigheid vloei uit die feit dat God regeer.
 - Hy regeer deur sy goedheid, krag en wysheid.
 - Daarom weet Hy wat ons nodig het.
 - God voorsien nie net uit sy hand nie.

- Die woord wat gebruik word waaruit ons woord “voorsien” kom, beteken om vooraf te sien wat nodig is, en daaruit dan te gee wat nodig is.
 - God se voorsienigheid beteken dan dat God sien en dan ook gee.
 - Hierdie twee is nie los van mekaar nie.
- God se voorsienigheid loop hand aan hand met sy skepping.
 - God het jou nie net gemaak nie, Hy maak seker dat jy elke dag het wat jy nodig het.
 - Ons kan nie vir onself skep wat ons nodig het nie, daarom is God se skeppingshand so nodig in alles wat ons nodig het.
 - Wanneer ons dan saam met Dawid bely die Here is ons herder, erken ons dat ons God nodig het vir alles om te oorleef.
- God hou nie net op sorg nie.
 - Sy sorg hou nie op nie.
 - Hy is ons Vader en sorg vir ons, sy kinders.
 - Hy sorg vir sy volk in die ballingskap binne in die vreemde, en hy sorg ook vir my en jou vandag in die jaar 2020 in Vanderbijlpark vir elke ding wat ek en jy nodig het.
 - Hierdie sorg strek veel wyer as net kos en klere en veiligheid.
 - God se sorg word vir ons die duidelikste sigbaar in die manier wat God die vader omsien na ons geestelike behoeftes.

God die Vader sorg vir my geestelike nood in Christus

- Soos ons fisiese behoeftes, weet God ook wat ons geestelike nood is.
 - Rom. 3 beskryf dat niemand regverdig is nie.
 - Deur die sondeval het ons ‘n nood.
 - ‘n Nood, wat as dit nie gevul word nie, sal dit uitloop op die dood.
 - Nie fisiese dood nie as gevolg van honger of dors of die elemente nie, maar geestelike dood.
 - Ewige dood.

- Die hel.
- En elkeen van ons het hierdie nood.
 - Dit is 'n nood wat jy nie self kan vul nie.
 - Dit is 'n nood wat Israel nie vir hulle self kon vul nie.
 - Dit is iets wat net die genadige Vader vir ons kan gee.
- Hy weet dat ons hierdie nood het.
 - En daarom gee Hy vir ons wat nodig is.
 - Hy gee vir ons Sy Seun.
 - Hy gee sy Seun om in ons plek aan die kruis te sterf sodat ons nie die ewige dood en die hel ontvang wat ons verdien nie, maar die ewige lewe in die hemel voor die troon van God.
- Hierdie is nie 'n behoefte wat fisies gevul word elke dag nie, maar wat eenmaal vir ons gegee word, wat ons nooit ooit kan verloor nie.
 - Niemand kan jou van hierdie geskenk uit God se hand beroof nie.
 - Maar God voorsien ook aan jou geestelike nood deur jou daaglik te herinner dat Christus dit vir jou gevul het.
 - Sy Gees is elke oomblik van elke dag by jou en met jou sodat jy verseker kan wees van die ewige lewe.
 - God gee vir jou die verlossing deur Christus en Hy gee ook vir jou die versekering en die waarborg daarvan deur die Heilige Gees.
- God gee dit vir jou onvoorwaardelik.
 - God onderhandel nie met jou daarvoor nie.
 - Hy gee dit vir jou.
 - Hier is vir jou verlossing.
 - Jy hoef niks te doen om dit te kry nie.
 - Dit is joune.
 - Dan kan ons saam met Paulus uitroep – Abba Vader!
- Deur dieselfde Gees gee God ook vir ons nuwe krag om staande te bly ten spyte van tye van beproewing.
 - In daardie tye wanneer kos, of klere, of werk, of geld min lyk, verseker God ons deur Sy Gees dat ons nie bekommerd hoef te wees nie.
 - Hy sal sorg.

- Hy sorg vir ons deur ook verskeie mense op ons pad te sit.
- Wanneer God egter sy Gees wegvat, dan is dit verskriklik.
 - Dan word ons afgevee van die gesig van die aarde, amper asof ons nooit eers bestaan nie.
 - Maar die Here voorsien en daarom gaan die Gees van God nooit weg van ons af nie.

Slot:

- God het jou gemaak.
 - Hy het in sy ewige raadsplan besluit jy moet hier wees.
 - En saam met dit gee Hy vir jou alles wat jy nodig het.
 - Daarom moet ons dit glo.
 - Ons kan nie in ons kleingeloof vaskyk in dit wat ons dink ons kort nie.
 - God weet klaar wat jy nodig het.
 - Hy ken jou behoeftes en nood beter as wat jy dit ooit sal ken.
 - Daarom moet ons God reg ken.
 - Ons kan nie saam met die wêreld vaskyk in 'n god wat gee en gee en elke keer met respek gesê, spring wat ek my vingers klap nie.
- As ons te sterk fokus net op God die almagtige Skepper, kweek dit by ons vrees en is ons byna te bang om enigsins aan God te dink.
- As ons aan die anderkant net fokus op die God die Vader wat voorsien, dan is ons geneig om God te sien net as die kitsbank wat net gee en gee as ek my hand uitsteek en raak ons respek vir God min.
 - Daarom is die verhouding tussen die twee eienskappe so belangrik.
- God die almagtige Skepper van hemel en aarde kan al hierdie dinge vir jou gee, en die Vader?
 - Hy wil al hierdie wonderlike gawes vir jou gee.
 - Daarom glo ons met die hart en bely ons met die mond en loop ons ook oor van daad van dankbaarheid vir God die Vader, die almagtige, Skepper van hemel en aarde.